SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 9 MEI 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTELS

Dit is met leedwese dat die heengaan van twee radioamateurs in die onlangse verlede aangekondig moet word.

"Van" van Tonder, ZS6ANJ, se sleutel het op Woensdagoggend 28 April stil geraak. "Van" was 'n erelid en vriend van die Oos-Rand Radioklub en het vir baie jare al verbintenisse met amateurradio gehad. Hy word reeds gemis. Innige meegevoel aan die famile en vriende van Oom "Van".

Die Midlands Amateurradioklub kondig die afsterwe aan van Stewart D Duff, ZS5ST, op Donderdag 29 April na 'n lang siekbed. Stewart was vir baie jare 'n amateur, maar kon in die laaste tyd nie meer so aktief wees nie. Ons innige meegevoel aan sy familie en baie vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

KONTAKBESONDERHEDE VAN KLUBS OP DIE SARL SE WEBWERF

VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE SARL SE BHF/UHF KOMPETISIE

LOGBOEK VAN DIE WêRELD SE DXCC KREDIETSTELSEL HERNU DXCC-ENTOESIASME

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

KONTAKBESONDERHEDE VAN KLUBS OP DIE SARL SE WEBWERF

In 'n poging om kommunikasie met klubs en verwante organisasies te verbeter, versoek die SARL graag alle amateurradioklubs en amateurradioverenigings in die SABEK-lande om hulle besonderhede op die SARL webwerf by www.sarl.org.za na te gaan en op te dateer waar nodig.

Vir flinke kommunikasie is e-posadresse van uiterste belang en daarom is dit raadsaam vir alle klubs om hulle kontakbesonderhede ten alle tye op datum te hou.

Hierdie vesoek word ook gerig aan klubs wat nie by die SARL geafilieer is nie.

VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE SARL SE BHF/UHF KOMPETISIE

Die kompetisiekomitee het die voorlopige uitslae van die eerste been van die SARL BHF/UHF-kompetisie, wat in Maart gehou is, bekend gemaak. Hierdie uitslae sal na 14 dae die finale uitslae word, tensy daar 'n skriftelike vertoë van enige deelnemer ontvang word.

Multi-Operateur Veldstasie:

Magalies Radioamateurklub ZS6MRK 4 693,5 punte; Sandton Amateurradioklub ZS6STN 2 260,5 punte; OTL Radioklub ZS6OTL 2 256,0 punte; Anton Oosthuizen ZR6OST 391,5 punte; Bloemfontein Radioamateurklub ZS4BFN 388,5 punte.

Enkeloperateur Multimodus:

Ockert Taljaard ZR6ZL 1 098 punte; Gerg Mumford ZS6GZ 746 punte; Lee Hanegraaff ZS5LEE 324 punte; Bert Howes ZS6HS 108 punte.

Enkeloperateur FM alleen:

Pieter Jacobs ZS6XT 359 punte.

Kommentaar deur die redakteur: Dit blyk dat daar teenoor verlede jaar, en vorige jare 'n afname in deelname was. Graag sal van, veral nie-deelnemers, verneem word waaraan dit toegeskryf kan word en wat gedoen kan word om deelname te verbeter. Die reêls moet volgende jaar hersien word, so dink en stuur u voorstelle nou in.

Dit is bekend dat minstens drie van die veldstasies vanaf hoê punte bedryf was nl. Magalies en Sandton op die Magaliesberg en ZS6OTL op Steenkampsberg en vir hulle 'n eerste keer, pragtig!

Was daar werklik net een deelnemer in die kategorie vir enkeloperateur, FM alleen? Hierdie kategorie is spesiaal ingestel vir amateurs wat net oor handdraag- of mobiele stelle beskik en nie meer gesofistikeerde toerusting het nie. Hierdie kategorie behoort moontlik die meeste deelnemers te kan lok.

Die kompetisie bied aan almal 'n geleentheid om iets spesiaals te ondervind. Dit is altyd groot pret en vir klubdeelname is dit 'n gulde geleentheid om spangees te bou. Magaliesklub sal die Saterdagnag byv. nooit vergeet nie toe 'n geweldige wind- en reênstorm losgebars het en aandete net so moes laat staan word en

almal, nie-operateurs inkluis, vir ongeveer 'n uur aan 'n tentpaal of -seil vir lewe en dood moes klou om te verhoed dat die tente wegwaai en toerusting beskadig word.

Klubs en individue word uitgenooi om later vanjaar aan die tweede been te kom deelneem as voorbereiding en toetslopie vir ernstige deelname volgende jaar.

LOGBOEK VAN DIE WêRELD SE DXCC KREDIETSTELSEL HERNU DXCC-ENTOESIASME

Hierdie berig is verkry uit die ARRL se nuusbrief.

Die DXCC kredietkomponent van die ARRL se Logboek van die Wêreld (LoTW) by http://www.arrl.org/lotw se veilige kontakdatabasis het op Donderdag 6 Mei, 'n dag later as beplan, 'n besige begin beleef.

Die ARRL se Lidmaatskapdienstebestuurder Wayne Mills, N7NG, sê die angstig afgewagte LoTW se DXCC-komponent maak dit nie net makliker vir lede om QSO-krediete vir hulle DXCC-rekords aan te wend nie, dit wakker ook nuwe algemene belangstelling in die DXCC-program aan.

"Gedurende die eerste 24 uur dat die DXCC-komponent aan lyn was, het honderde gebruikers hulle logboekbesonderhede aan hul DXCC-databasis gekoppel," het Mills gesê. "Ek is opgewonde om te sien dat mense weer in DXCC belangstel."

'n ARRL-lid van Missouri het die onderskeiding verwerf om die eerste te wees om vir 'n eerste DXCC-sertifikaat te kwalifiseer deur alleenlik van die LoTW se "virtuele QSL" rekords gebruik te maak. 'n Ander amateur - ARRL se Visedirekteur van die Midweste Bruce Frahm, K0BJ - het LoTW-krediete gebruik om sy DXCC-rekord op te dateer en het nou gekwalifiseer vir die DXCC-Uitdaging.

Die Logboek van die Wêreld se databasis het gegroei om 'n bewaarplek te wees van nagenoeg 42 miljoen individuele kontakrekords ingestuur deur gebruikers in die VSA en daarbuite. Wanneer beide QSO-deelnemers ooreenstemmende kontakrekords aan die LoTW instuur, is die resultaat 'n "virtuele QSL" wat geldig is vir DXCC-krediet. Mills sê meer as 2,5 miljoen QSO-passings bestaan reeds in die stelsel.

Vir meer inligting, kontak die Logboek van die Wêreld se personeel by lotw-help@arrl.org of besoek die LoTW se webblad http://www.arrl.org/lotw.

DANK VANAF SASOLBURG RADIOKLUB

Die Sasolburg Radioklub, ZS4SRK, wil graag almal bedank wat die afgelope naweek aan ons spesiale geleentheidstasie by die Transvalia opelugskou deelgeneem het. Leerlinge en lede van die publiek is geleentheid gebied om op HF te gesels. Heelwat name is opgeneem vir die komende Oktober RAE. QSL-kaarte sal eersdaags gepos word aan al ons kontakte. Besoek ons nuwe webtuiste by www.qsl.net/zs4srk om te sien wat ons gedoen het.

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Kobus, ZS6KOB, rapporteer dat voortplantingstoestande oor die afgelope aantal dae baie verswak het. Die sonvlekgetal was Vrydag slegs 31,5 teenoor 35,0 verlede week. Sedert 24 April het dit begin daal en dit mag selfs nog verder daal. Die verwagting is egter dat dit later die week sal styg tot die sogenaamde 27 dae hoogtepunt- om en by volgende naweek.

Voortplantingstoestande was op 7 Mei redelik goed gewees as gevolg van invloei van koronamassa vanaf die son na die aarde. Vanaf 8 tot 11 Mei word toestande as matig verwag. Die verwagting is ook dat Noord-Suid toestande goed behoort te wees. Ten spyte van die baie lae sonvlekgetal was toestande Vrydagmiddag om 17:00 baie goed na die Ooste en ook tussen Kaapstad en die Noorde. Moenie die lae sonvlekgetal onderskat nie!

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

15 Mei Oos-Rand Radioklub se Jakkalsjag; 20 Mei Radioamateureksamen.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees is deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX